Kampbeveiliging

"Ek is slegs een, maar nogtans, ek is een. Ek kan nie alles doen nie, maar nogtans kan ek iets doen. En omdat ek nie alles kan doen nie, sal ek nie weier om die iets te doen wat ek kan nie."
- Edward Everett Hale

Doelwit: *Om die Verkenner prakties op te lei in die veiligheids- en reddingsaspekte in en om kampe.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Met die aanbieding van hierdie spesialisasie word veral positiewe burgerskap aangespreek. Die Verkenner sal kennis opdoen oor 'n verskeidenheid noodsituasies en gelei word in die hantering daarvan. Hierdeur word die Verkenner 'n individu wat goed toegerus is om ander by te staan in tye van nood.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Minstens 5 dae aaneenlopend	**Graadgroep:**	10 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan alleenlik in groepsverband op 'n kamp wat minstens 5 dae aaneenlopend plaasvind afgehandel word. Dit moet onder leiding van die offisier in bevel van kampbeveiliging gedoen word. • Die Verkenner moet al die uitkomste in afdeling A voltooi en 'n keuse uitoefen om afdeling B of afdeling C te voltooi afhangend van of die kamp by water of in die veld plaasvind. Afdeling B – Waterbeveiliging Afdeling C – Veldbeveiliging		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

Afdeling A:

1. *Kennis dra van die noodsaaklikheid van kampbeveiliging in Voortrekkerverband.*
2. *'n Noodplan opstel en aan die kamp voorlê sonder om die kampprogram te ontwrig. Die volgende punte moet ingesluit word:*
   - *2.1 Bevelstruktuur van die kamp.*
   - *2.2 Versamelpunte tydens noodgevalle.*
   - *2.3 Waarskuwingstelsels.*
   - *2.4 Kontak met die SAPD en mediese dienste in die onmiddellike omgewing.*
   - *2.5 Situasiebeplanning.*
3. *Kontroleprosedures opstel en uitvoer met betrekking tot die hantering van besoekers op die kamp.*
4. *Behulpsaam wees met die kampuitleg en die volgende aandui :*
   - *4.1 Die posisie van alle permanente en tydelike strukture wat op enige wyse deur die kampeerders benut word.*
   - *4.2 Die ligging van enige brandbestrydingsapparaat.*
   - *4.3 Ontsnappingsroetes wat gebruik kan word om die kamp ordelik en veilig te ontruim indien nodig.*

Kampbeveiliging

Afdeling B - Waterbeveiliging:

1. *Vertroud wees met die volgende aspekte ten opsigte van brande op water:*
   - *1.1 Tipes brande.*
   - *1.2 Blus van brande.*
   - *1.3 Redding uit brande.*
   - *1.4 Brandende stowwe wat waterbestand is.*
2. *Deelneem aan 'n praktiese oefening in die blus van 'n brand op water.*
3. *Vertroud wees met die volgende aspekte ten opsigte van verdrinking:*
   - *3.1 Die teorie van mond-tot-mond asemhaling en hart-long-bybrenging. Die Verkenner moet bogenoemde kan volhou vir 3 minute.*
   - *3.2 Die redding en moontlike beserings van 'n persoon wat sy kop gestamp het op die bodem van 'n swembad.*
   - *3.3 Verskillende reddingsmetodes en die toepaslike gebruik daarvan. Die Verkenner moet deelneem aan 'n praktiese reddingsoefening.*
4. *'n Persoon of voorwerp oor 'n afstand van 20m in die water sleep.*
5. *'n Minimum van 100m ten volle geklee, ononderbroke swem en vir 5 minute ononderbroke kan watertrap.*
6. *Vertroud wees met die volgende aspekte ten opsigte van vloede:*
   - *6.1 Die vloedgevaar monitor deur in kontak te wees met die Weerburo.*
   - *6.2 Voorkomingsmaatreëls en reddingsmetodes.*
7. *Vertroud wees met die volgende aspekte ten opsigte van boot ongelukke:*
   - *7.1 Voorkoming van botsings en ongelukke op die water.*
   - *7.2 Prosedures wat gevolg word in die hantering van 'n ongeluk.*
   - *7.3 Die veilige hantering en verwydering van pasiënte tydens 'n ongeluk. Die Verkenner moet deelneem aan 'n praktiese reddingsoefening vanaf 'n vaartuig.*
   - *7.4 Die opstel van die nodige ooggetuie verslae.*
   - *7.5 Opruimingswerk na afloop van 'n ongeluk.*
   - *7.6 Herwinning van die vaartuig.*
   - *7.7 Berging van 'n vaartuig.*
8. *Kennis dra van selfredding uit riviere, damme en die see.*
9. *Kennis dra van seestrome en die gevare daarvan.*
10. *Vir 'n voorafbepaalde tydperk toesig hou by 'n swemsessie waar ander lede van die kamp swem.*

Afdeling C – Veldbeveiliging:

1. *Deel vorm van 'n effektiewe wagstelsel wat voorsiening maak vir gebeurlikhede van binne en buite die kamp.*
2. *Vertroud wees met die volgende aspekte ten opsigte van brande:*
   - *2.1 Tipes brande.*
   - *2.2 Blus van brande.*
   - *2.3 Redding uit brande.*
   - *2.4 Brandende stowwe en brandgevare.*
   - *2.5 Behandeling van persone met brandwonde.*
3. *Deelneem aan 'n praktiese oefening in die blus van 'n brand op die kamp.*
4. *Vertroud wees met die oorsaak, gevolge en hantering van natuurrampe soos wind en storms.*
5. *Vertroud wees met die volgende aspekte ten opsigte van epidemies:*
   - *5.1 Identifisering van die probleem.*
   - *5.2 Hantering van geaffekteerde persone.*
6. *Vertroud wees met die volgende aspekte ten opsigte van beserings:*
   - *6.1 Basiese noodhulp en bystand aan die noodhulpoffisier tot die pasiënt afgevoer is.*
   - *6.2 Giftige diere en plante in die onmiddellike omgewing.*
   - *6.3 Beheermaatreëls in die geval van beserings.*
7. *Vertroud wees met die volgende aspekte ten opsigte van motorongelukke:*
   - *7.1 Voorkoming van motorongelukke op die kamp.*
   - *7.2 Prosedures wat gevolg moet word tydens die hantering van 'n motorongeluk.*
   - *7.3 Verwydering van persone wat nie betrokke is in die ongeluk nie.*
   - *7.4 Hantering van pasiënte in die ongeluk. Die Verkenner moet deelneem aan 'n praktiese oefening in die hantering van pasiënte.*
   - *7.5 Organisering van noodhulp op die toneel.*
   - *7.6 Verwydering van die voertuie.*